The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.



# Pukke sedert ongeluk in sonkragkar versigtig vir dwarswind

Susan Cilliers

Die Noordwes-Universiteit (NWU) se sonkarspan het gister nie net die wind van voor gekry nie, maar sommer van alle kante op die derde dag van die Sasol Solar-uitdaging.

Die NWU se Sirius X25 is steeds die voorloper onder die Suid-Afrikaanse deelnemers, het prof. Albert Helberg, spanleier, gistermiddag gesé. Die spanne het gister op die N1-hoofweg van Bloemfontein na die Gariepdam gery.

"Vandag is moeilik. Hier is verskriklike sterk dwarswinde wat by tye tot 60 km/h waai," sê Helberg.

"Dis ook bewolk en hier hang so 'n dynserigheid in die lug. Dit veroorsaak dat ons sukkel om sonkrag op te wek."

Die spanne van Japan, Hongarye en Nederland is tans die algehele voorlopers. Die rit, waaraan 13 spanne deelneem, eindig op 1 Oktober in Kaapstad.

Helberg sê die NWU-span is uiters versigtig vir die wind nadat 'n rukwind die Sirius verlede Donderdagmiddag in 'n tydtoets in Pretoria geskep en omgegooi het. Die sonpanele is beskadig en die span het gevrees hulle sou nie Saterdagoggend saam met die res van die deelnemers in Pretoria kon wegspring nie. Die span, lede van ander spanne en alumni het almal ingespring en deurnag gewerk om die Sirius te herstel.

Die Sirius was Saterdag so fiks ná die groot skrik dat dit 'n nuwe Afrika-rekord opgestel het vir die grootste afstand op een dag in dié kompetisie. Die Sirius het van Pretoria na Kroonstad 561 km afgelê en eergister weer sy eie rekord verbeter deur 611 km in een dag tot in Bloemfontein af te lê.

"Ons het binne twee dae dus 1 172 km afgelê. Dis verder as wat ons in 2010 in tien dae kon aflê," sê Helberg.

Weens die bewolkte weer was die span se mikpunt om gister nie meer as 300 km af te lê nie, want vandag sal dit na verwagting weer bewolk en winderig wees.

"Die teenspoed en skok van die ongeluk verlede Donderdag het die span nader aan mekaar gebring."

Die span wat die grootste afstand tussen Pretoria en Kaapstad in die agt dae kan aflê, is die wenner. Om die afstand te rek, ry die spanne gewoonlik soveel moontlik sirkelroetes by die oornagpunte.

Estienne Janse van Rensburg, wat die sonkar bestuur het toe die ongeluk gebeur het, sê hy het gedink die res van die span gaan hom "doodmaak", berig **Ruan Bruwer**. "Ek het nogal vir die paramedici wat my behandel het, gesê: 'Vat my net hier weg,' want ek het regtig gedink dis nou verby met ons kar. Ons het vooraf bitter hard aan die kar gewerk en twee maande gelede ons studie opsy gesit om al ons tyd hieraan te bestee. En daar foeter ek dit toe amper alles op in die tydtoets."




**Die Puk-deelnemers is baie trots op die Sirius X25, waarmee hulle aan vanjaar se uitdaagrit vir sonkragvoertuie deelneem. Estienne Janse van Rensburg, een van die span ingenieurstudente wat die voertuig gebou het, is hier by die kar.**